# Les 2 Wetsonderhouding.

Vandag gaan ons na nog ʼn belangrike woord in die Bybel kyk. Dit is die woord wetsonderhouding.

1. **Wetsonderhouding**.
In die Bybelvertaling staan hierdie sin in Romeine 3 vers 20: "Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel deur die wet leer ʼn mens wat sonde is."

Hierdie vers wys vir ons dat hierdie twee woorde gaan saam: "wetsonderhouding" en "die wet." Wetsonderhouding is om die wet te onderhou. Ons het verlede keer gesin dat die wet van die Here is die Tien Gebooie. Daarom beteken wetsonderhouding om die Tien Gebooie te onderhou.

Wat beteken hierdie woord: "onderhouding."?

In die Griekse taal waarin die Bybel geskryf is, word gepraat van die "werke van die wet." Dit is al die werk wat die Tien Gebooie vir jou wys wat en hoe jy dit vir die Here moet doen. Luister na hierdie sin in die Bybel: "12 By die wet gaan dit egter nie omgeloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat dóén wat die wet sê, sal daardeur lewe." (Galasiërs 3)

Om die wet te onderhou beteken om te doen wat die wet vir jou sê om te doen. Elke keer as jy iets doen wat die Here vir jou in die Tien Gebooie sê om te doen, is jy besig met wetsonderhouding. Jy is besig om die werk wat die Here in sy gebooie vir jou wys om te doen te doen.

Wetsonderhouding is om te doen wat die Here vir jou in die Tien gebooie wys om te doen.

2. **Al die werke wat die wet ons wys wat om te doen**.
Wat is alles wetsonderhouding volgens die Bybel? Alles wat die Tien Gebooie ons wys wat ons moet doen, is wetsonderhouding of werke van die wet.

Kom ons kyk bietjie wat wys die wet van die Here vir ons alles wat om te doen!

**Exodus 20 Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:**
Ek is die Here jou God wat ou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het

1. Jy mag naas my geen ander gode hê nie.
2. Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo in die hemel of op die aarde hieronder nie of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want ek, die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde geslag

van die wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My lief het en My gebooie gehoorsaam
3. Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
4. Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou…
5. Eer jou vader en jou moeder…
6. Jy mag nie moord pleeg nie.
7. Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
8. Jy mag nie steel nie.
9. Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.
10. Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie…

**Om saam met die Here te leef is wetsonderhouding.**
1. "Jy mag naas my geen ander gode hê nie."
Die eerste gebod wys ons ons mag net met God mag saamleef wat ons gemaak het en nie moet maak of ons kan maak dat ons met gode kan saamleef wat ons vir ons self gemaak het nie. Die gebod wys ons ons moet saam met God leef.

**Om na die Here se Woord te luister is wetsonderhouding.**
2. "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak." Die tweede gebod wys jou dat jy moet luister wat die Here vir jou in sy Woord, die Bybel wys en nie vir jou sommer net stories, drome en idees moet opmaak en maak asof God dit vir jou sê nie. Die gebod wys ons ons moet na die Here se Woord luister. Ons moet Bybel lees en altyd besig wees om uit die Bybel te leer.

**Om te bid is wetsonderhouding.**
3. "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie." Die derde gebod wys ons dat ons die Here se Naam kan aanroep. Ons mag en moet altyd in gebed na die Here toe gaan. Hierdie gebed wys ons ons moet bid.

**Om Sondae kerk toe te gaan is wetsonderhouding.**
4. "Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou." Die vierde gebod wys ons die kerk moet preek, kinders doop en nagmaal bedien. Hierdie gebod wys ons ons moet Sondae na die erediens toe gaan en die Here loof, dank en eer en ook vir die Here getuig.

Kyk wat wys die Eerste Tafel van die Tien Gebooie ons wat moet ons doen, wat is wetsonderhouding:

- om elke dag saam met die Here te leef.
- om altyd na die Here se Woord te luister, Bybel te lees en die Bybel te leer,
- om altyd in gebed na die Here te gaan, om te bid en
- om die here te eer, te loof en vir hom te getuig in die erediens.

Om saam met die Here te leef, na sy Woord te luister, om te bid en kerk toe te gaan en te getuig is alles dinge wat die Here se wet vir ons wys om te doen. Wanneer ons dit doen, dan onderhou ons die wet.

3. **Wat ons met mense doen is ook wetsonderhouding**.
Wat die Here beveel ons moet doen in die ander ses gebooie op die Tweede Tafel van die wet, is ook wetsonderhouding. Dit is ook dade van die wet wat ons moet doen. Kom ons kyk wat is dit alles.

**Huishou en huiswerk is wetsonderhouding**
5. "Eer jou vader en jou moeder."
Die vyfde gebod wys ons dat die Here vir ons ouers gee wat ons leef om vir die Here te werk en te dien. Om die werk te leer wat ouers ons wys is wetsonderhouding. Dit is alles wat hulle vir ons in die huis wys en alles wat hulle ons by die skool of universiteit laat leer. Wetsonderhouding is om bly te wees vir sulke ouers en na hulle te luister. Hierdie gebod wys om moet luister na hoe ons ouers ons leer om te werk en te dien. Om te help in die huis en huiswerk te doen is wetsonderhouding.

**Om saam met mense, diere en plante te leef is wetsonderhouding.**
6. "Jy mag nie moord pleeg nie." Die Here gee ons die gawe om te leef en saam met mense te leef in sy wêreld. Daarom moet ons vir mekaar sorg en mekaar nie seer maak nie. Wetsonderhouding is om te keer dat ek of ander mense, mense, diere en plante seermaak. Dit is om mense, diere en plante te help om te lewe.

**Om saam ʼn gesin te wees, is wetsonderhouding.**
7. "Jy mag nie egbreuk pleeg nie." In die sewende gebod wys die Here dat hy vir pa en ma bymekaar bring om getroud te wees en getrou te bly. Om saam met hulle kinders ʼn gesin te wees, is wat die Here in hierdie gebod beveel. Alles wat ons doen om saam met pa, ma, boeties en sussies ʼn gesin te wees, is wetsonderhouding.

**Om met jou talente vir geld te werk is wetsonderhouding.**
8. "Jy mag nie steel nie." In die agte gebod wys die Here ons dat Hy vir ons talente gegee het. Hierdie is die talente om maklik somme te kan maak, om maklik ʼn gedig te kan opsê, om maklik ʼn kar reg te kan maak, om maklik vir mense te leer wat om te doen en al die ander dinge wat ons maklik kan doen. Hierdie gebod ons moet met hierdie talente werk doen en dan moet ons daarvoor betaal word. Om te werk en betaal te word, is die wetsonderhouding wat hierdie gebod beveel.

**Om met die waarheid besig te wees.**
9. "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie."Hierdie gebod wys ons dat wat die Here met ons doen en ons voor gebruik, is die waarheid. Ons mag nie maak asof ons mense kan gebruik soos ons wil en van hulle sê wat ons wil en dan maak asof dit die waarheid is nie. Om mense te sien soos die Here hulle gemaak het en voor gebruik is hoe hierdie wet onderhou word.

**Om tevrede te wees met jou eie.**
10. "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie." Hierdie gebod wys dat die Here jou altyd jou eie goed al gee en daarom moet jy nie dit wat Hy vir ander gee wil hê nie. Dit wys jou jy moet tevrede wees met wat God jou gee.
3. **Alles wat ons doen is werke van die wet**.

**Les 2 Wetsonderhouding.**

Ons het eers gesien dat wetsonderhouding is om te doen wat die wet sê ons moet doen. Nou het ons so bietjie gekyk na wat is al die dinge wat die vir ons wys ons moet doen. Ons moet onthou dat as ons die woord wetsonderhouding in die Bybel lees dan is dit een woord wat alles wys wat ons moet doen wat die wet ons wys.

Kom ons kyk weer wat die Bybel alles wetsonderhouding of werke van die wet noem!

- om elke dag saam met die Here te leef.
- om altyd na die Here se Woord te luister, Bybel te lees en die Bybel te leer,
- om altyd in gebed na die Here te gaan, om te bid en
- om die here te eer, te loof en vir hom te getuig in die erediens.
- om vir pa en ma te help in die huis en jou skool se huiswerk te doen.
- Om saam met mense, diere en plante te leef
- Om saam ŉ gesin te wees
- Om met jou talente vir geld te werk
- Om met die waarheid besig te wees
- Om tevrede te wees met jou eie

**4. Baie woord vir wetsonderhouding.**

Daar is baie woord in die Bybel wat dieselfde beteken as die woord wetsonderhouding. Wanneer ŉ mens Psalm 119 lees wat oor die wet van die Here gaan, sien ŉ mens ŉ hele paar van hierdie woorde.

Hier is ŉ paar van hierdie woorde;

- om die wet van die Here te volg. Vers 1
- om die bepalings van die Here na te kom. Vers 2
- om die paaie van die Here te volg. Vers 3
- om die opdragte van die na te kom. Vers 4
- om die voorskrifte van die here na te kom. Vers 8
- om die Here se voorskrifte te leer. Vers 12
- Om die Here se opdragte te oordink. Vers 15
- Om by die Here se bepalings te bly. Vers 22
- Om met jou hart onberispelik aan die here se voorskrifte te hou. Vers 80
- Om nie die opdragte van die Here te vergeet nie. Vers 109

Al hierdie woord moet ons nie deurmekaar maak nie. Al wat dit ons wys is dat wetsonderhouding is om alles te doen wat die Here vir ons in sy wet wys wat m te doen.

Alles wat ons doen wat die wet vir ons wys is gehoorsaamheid aan die wet van die Here. Ons doen wat die Here vir ons in die wet sê wat om te doen.